

DIT lyk sommer so koel wanneer Zorro in die fliëks sy merk maak. Net drie hale met sy swaard en daar is die groot Z wat wys die gemaskerde wonder was hier.

Chinese en Japannese letters is nog indrukwekkender. Dis hoekom mense dit graag kies vir tatoeëermerke. Maar jy moet net hoop die ou met die naald weet regtig wat die letter beteken . . .

Chinese & Japanese letters are very impressive and that is why people use them as tattoos. But hope that your tattoo artist really knows what these letters mean...

Britney Spears het gedink sy spog met die Chinese karakter vir “geheimsinnig”. Nou staan daar “vreemd” op haar geskryf. Gie-gie.

Britney Spears thought her tattoo means mysterious but apparently it means strange.

Die Amerikaanse basketbal-ster Shawn Marion wou sy bynaam, The Matrix, in Chinees op sy been hê. Nou staan daar iets soos “demon voël motgiballetjies”. Sy ma sou so trots wees.

American basket ball star Shawn Marion wanted his nickname Matrix on his leg in Chinese but now it's something like “demon bird mothball”. His mom must be really proud...

David Beckham het besluit hy gaan Victoria se naam in Hindi op sy arm laat tatoeër – maar nou staan daar Vihctoria. Oeps.

David Beckham decided to tattoo Victoria's name in Hindi but it turned out to be Vihctoria. Oops...

Dink voor jy laat ink, want dis nie net sterre wat sulke glipse oorkom nie. Baie gewone mense het al agtergekom hul Oosterse pronkstuk maak glad nie sin nie.

Think before you ink! Lots of people realize that their Eastern pride and joy doesn't make sense at all!

DIE omroeper en TV-aanbieder Mark Pilgrim het ure lank navorsing gedoen voor hy sy simbole gekies het.

The South African radio DJ and TV presenter Mark Pilgrim did lots of research before he got his Japanese tattoo.

“My Japannese simbole is my lewens-filosofie uitgedruk as 'n wiskundige vergelyking en beteken basies ‘lewe bo sleg’,” verduidelik Mark. “Ek het dit nagevors en na verskeie webtuistes gegaan om die regte vertalings te kry. In Japannese beteken my tatoeëermerk letterlik ‘goed bo sleg’, maar ek vertaal dit as ‘pret in my lewe moet meer wees as die probleme’.”

“My Japanese symbol is my life philosophy portrayed as a mathematical comparison that means ‘life on top of bad’. I researched various websites to make sure the translation is correct. In Japanese it literally means ‘life on top of bad’ but my translation is ‘fun in my life must be more than problems’.”

Verkeerde idees oor simbole het nou wêreldwyd so 'n probleem geword dat Tian Tang, 'n Chinese student wat in Amerika studeer, die webdagboek Hanzi Smatter (www.hanzismatter.com) begin het. Hy dra dit op aan “die misbruik van Chinese karakters in die Westerse kultuur”.

The wrong ideas of symbols have become such a problem worldwide that Tian Tang, a Chinese student that studies in America, started a website Hanzi Smatter. The website is about the misuse of Chinese characters in Western Culture.

Op sy webtuiste is foto's van verbroude tatoeëermerke en 'n klomp boodskappe van mense wat wonder waarvoor hul inkkletters regtig staan.

On his website there are photos of these faulty tattoos and messages from people that wants to know what their tattoos really means.

Een meisie het gedink haar delikate stukkie inkkuns beteken “Mamma”, maar dit staan vir “Merrie Rys”.

One girl thought her tattoo meant ‘Mom’ but it stands for ‘Female horse (merrie) Rice’

“Ek skud gewoonlik net my kop. Ek voel soos 'n dokter wat 'n lykskouing doen en probeer agterkom wat skeefgeloop het,” sê Tang in 'n onderhoud met die Hiragana Times.

“I feel like a doctor doing an autopsy. Trying to find out what went wrong!” says Tang in an interview with Hira-gana Times

Die Hollywood-aktrise Angelina Jolie het ’n hele paar tatoeëermerke, waaronder Thai-letters op haar skouer. Charlize Theron het ’n merk op elke voet.

Angelina Jolie has a few tattoos. Like Thai letters on her shoulder. Charlize Theron has tattoos on her feet.

Chinese en Japannese simbole is ook by ons ’n gewilde tatoeëerkeuse.

Chinese & Japanese symbols are very popular in South Africa

“Ek het ’n hele muur vol Chinese simbole waaruit kliënte kan kies,” sê die Durbanse tatoeëerder Dave Edwards van Body Art.

“I have a wall full of Chinese symbols for clients to choose from” says Durban tattoo artist Dave

“Ek het vandag al vyf simbole gedoen,” sê hy.

“I have done 5 symbols today” says Dave

Die meeste wil iemand se naam in Chinees of Japannees laat tatoeër. Hy het sy vrou, Renette, se naam in simbole aan sy lyf.

Most people want a name in Chinese or Japanese. He has his wife’s name Renette in symbols on his body.

’n Algemene wanopvatting is dat die letters net Japannees of Chinees kan wees, maar daar is ook Kanji, wat ’n gewilde keuse is. “Kanji is ’n mengsel van Chinees, Japannees en Koreaans en dis meer as ’n eeu oud,” sê Dave. “Die simbole lyk baie beter. ’n Japannees of Chinees sal dit kan lees.”

A general misunderstanding is that letters can only be Japanese or Chinese but Kanji is also a popular choice. “Kanji is a mixture of Chinese, Japanese and Korean and it’s older than a century.” Says Dave. “The symbols look better and a Japanese or Chinese person can read it.”

Om te verseker sy kliënte is tevrede met hul keuse, het Dave ’n Chinese kalligraaf wat al die simbole vir hom nagaan en vertaal.

Dave uses a Chinese calligrapher to translate his symbols to ensure his clients are satisfied with their choices!

Die Johannesburgse tatoeëerder Kay Naidoo beveel aan dat mense ook hul eie navorsing doen om te verseker die karakters het die regte betekenis. Google net die woorde “Chinese tattoos”, en siedaar!

Johannesburg tattoo artist Kay Naidoo says people should do their own research the characters they want to use. Google the word “Chinese tattoos” and whalla!

Moet net nie dink jy kan met ’n enkele stylvolle Japannese of Chinese letter ’n diep woord soos liefde, vrede of krag vasvang nie.

Don’t think that you can capture the essence of a deep word like love, peace or power in one elegant Japanese or Chinese symbol!

“Chinees is maklik om te praat, maar moeilik om te skryf,” sê Kevin Liu, ’n Johannesburgse joernalis wat vir ’n Chinese koerant werk. “In Chinees het dit dikwels nie sin om ’n tatoeëermerk van net een karakter te hê nie. Meestal moet jy twee of drie karakters saamvoeg.”

Kevin Liu of Johannesburg is a journalist for a SA Chinese newspaper and he says “Chinese is easy to talk and hard to write. In Chinese it usually does not make sense to get a tattoo of only one character. Usually it’s a combination of 2-3 characters”

Nog ’n probleem: As die Chinese karakter nie netjies geskryf is nie, kan dit dubbelsinnig raak. “Praat eers met ’n Chinees voor jy ’n Chinese tatoeëermerk laat maak,” is sy raad.

Another problem: if a Chinese character isn't neatly written it can be very ambiguous. "First speak to a Chinese person before you ink!" is Kevin's advice

Dit lyk of ons plaaslike glansmense so maak.

Seems our local stars are doing just that!

Clint Brink, wat die rol van Tino Abrahams in Scandal speel, het op sy linkerarm drie Chinese karakters wat musiek, liefde en waarheid simboliseer.

Clint Brink from soapy Scandal has three Chinese characters that symbolizes music, love and truth

"Jy behoort oor enigiets eers navorsing te doen," sê hy. "Ek het so gemaak. Ek glo as jy besluit om jou liggaam op 'n sekere manier te merk, moet jy honderd persent seker wees wat jy doen."

"You have to research anything before you do it and that is what I did. I believe if you want to mark your body in a certain way you might as well make sure of what the meaning is beforehand" says Clint

Die Idols-aanbieder en akteur Colin Moss het 'n Japannese simbool op sy rug en daar is 'n Zen-Boeddhistiese simbool en 'n Japannese simbool aan weerskante van sy maag. Dit staan vir liefde, lig en waarheid. Hy spog ook met 'n kleurryke draak oor die hele linkerkant van sy rug. Dis in 'n tradisionele Japannese styl gedoen en hy moes vyf of ses skofte onder die naald lê.

Colin Moss has a Japanese symbol on his back and there is a Zen-Buddhist symbol and a Japanese symbol on his stomach. It represents Love, Light and Truth. He also has a dragon on his back. The dragon is done in traditional Japanese style and it took 6 sessions under the needle.

Die glansouers Tom Cruise en Katie Holmes het onlangs vertel hul dogter, Suri, se naam is die Hebreeus vir "prinses" en die Persies vir "rooi roos".

Tom Cruise and Katie Holmes says their daughter's name Suri means 'Princess' in Hebrew and 'Red rose' in Persian. Nooit, sê taalkenners. Die Hebreeuse naam Sara beteken "prinses", terwyl "suri" 'n skelwoord is wat in Hebreeus "gaan weg" beteken.

Not so. The Hebrew name Sara means 'princess' and Suri is a slang word that means 'go away'.

Gelukkig het Tom nog nie die naam op sy lyf laat tatoeëer nie . . .

Luckily Tom hasn't tattooed the name on his body yet....